

Saterdag 9 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 18:1-16

Fokusgedeelte: Genesis 18:14;
Markus 9:23-24; 10:21-31 (:27)

Dis nie hoeveelheid, gehalte of waarde van jou geloof nie, maar God ...!

Wat is dit wat die mens red? In Markus 9:22-24 vra 'n pa met 'n siek seun aan Jesus: "Maar as U iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons!" Jesus antwoord hom: "... as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat kan glo." Die pa roep met trane uit: "Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!" Hy voel dat sy *geloof eintlik te klein* is. Is dit die waarde van die geloof, of God wat in genade red?

In Markus 10:17-31 meen 'n jongman dat *sý geloof baie waarde* het. Hy doen dan alles wat 'n gelowige veronderstel was om te doen. Hy maak staat op sy menslike geloofsdade wat hom sou red. Jesus sê: "Nee!" "By mense is dit onmoontlik, maar ... by God is alle dinge moontlik." Vertrou dáárop!

In Genesis 18 word Abraham en Sara se *wankelende geloof* blootgelê. Die HERE sê dat Sara oor 'n jaar 'n seun sal hê. Sara lag in haar hart. Dit kan tog nie meer nie – die ouderdom en 'n afgestorwe moederskoot maak dit onmoontlik! Die Here weet wat Sara dink. Daarom sê Hy: "Sou iets vir die HERE te wonderbaar wees?" (Gen. 18:14). Die HERE gee vir Abraham die beloofde seun toe alle menslike vermoëns uitgeput is. Nou kan die *mens* nie in homself roem nie! Sonder twyfel – dis *slegs* 'n ingryping van *God!*

Abraham se nageslag is dus slegs te danke aan die wonderbare mag van God. Die *jongman* wat op sy eie geloof se waarde staatgemaak het, het in droefheid weggestap ... Maar die *pa* wat dink dat sy geloof te klein in waarde is, het jubelend-bly weggestap! Abraham en hierdie pa het gesien: Dis nie die hoeveelheid, gehalte of waarde van *jóú* as *mens* se geloof waarop jy kan roem nie, *maar op God* vir Wie niks te wonderbaar of buitengewoon is nie. Hy bewys genade aan wie Hý wil.

Hierop moet jy in die geloof vertrou in jou smeekgebede!

Sing: Psalm 84-1:6

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad/Pretoria)